

INHOUD/CONTENTS	Bladsy/Page
Mangaung — Place of the great cats <i>C.D. Lynch</i>	3
Die Trudie Kestell-modesaal — <i>Marianna Botes</i>	5
Relationships between chief Moroka of Thaba Nchu and the other chiefs in the area — <i>Sandra Bishop</i>	8
Die studie van Rotskuns in die Oranje- Vrystaat — <i>J. Loubser</i>	10
Fossils help to solve a geological problem — <i>B. Rubidge</i>	12
Kannibalisme — <i>Karin Coetsee</i>	14
Oliewenhuis - an Art Museum — <i>Sharon Crampton</i>	16
Die Blinkblaar-wag-'n-bietjie — <i>P.C. Zietman</i>	22
Veldwerkkaskenades — <i>C.M. Engelbrecht</i>	24
Ditswa-kotleng ya National Museum le maeto a thuto — <i>E. Mohatlane</i>	26
Die Romantiek van argeologiese navorsing — <i>J.J.B. Dreyer</i>	28

REDAKSIONEEL

Die Nasionale Museum, soos ook die geval in die meeste ander museums, loop soms genadeloos onder vandalisme en diefstal deur. Die gedrag van sommige museumbesoekers is skokkend. Ofskoon voorkomingsmaatreëls soos genoegsame en wakker opsigters, museumgidse, alarmstelsels en kringtelevisie, 'n beperkende uitwerking op sodanige ongerymdhede het, duik daar nog steeds klein jakkalsies (stout kinders en moedswillige volwassenes) op wat die wingerd (museum) op die onmoontlikste en ondenkbaarste plekke beskadig en verniel.

Die meeste museumbesoekers is doodgewone, ordentlike mense wat 'n uitstappie na 'n museum interessant, leersaam en genotvol vind. 'n Museum ontvang sulke besoekers graag met 'n oop gemoed. Ongelukkig is dit ook waar dat daar diegene is wie se vandalistiese en misdadige neigings en onopgevoede geaardheid sterk na vore tree wanneer hy/sy die stilen soms dofbeligte gange van 'n museum betree. Selfs onder die neus van 'n opsigter of museumgidse word onderduimse dade gepleeg. Kinders wat nie van volwassenes vergesel word nie en wat nie altyd die omvang van hul optrede besef nie en dit as blote katekwaad beskou, is dikwels die sondebokke.

Enkele onlangse voorbeelde is die volgende: in die Waenhuismuseum (satelliet van die Nasionale Museum) te Bloemfontein is die nagemaakte juk van 'n ossebeeld doodeenvoudig verwyder — 'n item wat vir niemand anders van waarde is nie behalwe in die konteks waarin dit gebruik is; in die Nasionale Museum word 'n doodgewone huishoudelike wit kers uit die historiese Straattoneel gesteel nadat 'n venstersif geskeur is; in die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke te Bloemfontein is die geweer van 'n skaalmodel van 'n Boererruiter afgebreek; in die McGregor-museum te Kimberley word die sand rondom die diere in die omgewingsuitstalling as toilet gebruik, terwyl onweloweghede op skeletbene uitgekrap is. Museums verafsku hierdie ongewenste besoekers wat maande se harde werk in 'n japtrap ruineer.

Hoe betreurenswaardig die aangeleentheid ook al is, is die komiese soms nie uitgesluit nie. Die Straattoneel in die Nasionale Museum huisves onder andere 'n winkel uit vanmelewe se dae waar groot ronde glasbottels vol 'pennielekkers' nog op die toonbank staan. Ofskoon die winkel met 'n 120-cm-hoë skerpuntstaalheining afgekamp is, gebeur dit nietemin dat veral skoolkinders mekaar waarskynlik "dare" om van die lekkergoed te gabs. Daar word seker uiters versigtig oor die heining geklim — onthou die skerp punte — en vinnig by die deur ingehardloop om die nodige te gryp. Dit is gewoonlik hier waar die 'dapperheid' en 'sports' skielik tot 'n einde kom, want 'n oorverdowende alarm bring 'n museumbeampte haastig op die toneel. Die booswig moet nou, waar hy enkele oomblikke tevore die gevaarlike heining met respek gehanteer het, in sy vlugtog ietwat haastig daaroor vertrek en dit is nie altyd moontlik nie, behalwe as hy 'n hoogspringatleet van formaat is. Gewoonlik word die skuldige vasgetrek, maar daar was al gevalle waar 'n bloedspoortjie as die enigste stille getuie van 'n 'rooftog' oorgebly het...

Te laag gespring ...?

J. HAASBROEK

Museumnuus is 'n ses-maandelikse nuusbrieff wat gratis van die Nasionale Museum, Posbus 266, Bloemfontein, 9300 (Tel 051-479609) verkry kan word. Enige foto's of inligting in hierdie nuusbrieff mag met erkenning van die bron gereproduseer word.

Museum News is a bi-annual newsletter which can be obtained free of charge from the National Museum, P.O. Box 266, Bloemfontein, 9300 (Tel 051-479609). Any photographs or information published in this newsletter may be reproduced with acknowledgement of the source.

Redaksie/Editorial staff
Mev/Mrs H.J.M. Lamprecht
Dr C.M. Engelbrecht
Dr C.D. Lynch
Dr S. Louw
Dr J. Haasbroek
Mey/Miss M. Pretorius
(Kunstenaar/Artist)
Mev/Mrs H. de Villiers
Mey/Miss T. Smuts
(Setwerk/Typesetting)
Mnr/Mr S.J. Greyling/
(Fotograaf-Drukker/
Photographer-Printer)
Mnr/Mr L.W. v.d. Merwe
(Taalversorger/Linguistic Adviser)

VOORBLAD/FRONT COVER
Lengau, Mangaung
Emsi Genis

Oplaaq/Circulation: 5 000

Gedruk deur die Nasionale Museum, Bloemfontein
Printed by the National Museum, Bloemfontein.